



Kus die Seun

Teks vir die preek:

"Kus die Seun..."

Psalm 2

RM Retief

© by skrywer - 2013
www.christelikebiblioteek.co.za

Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 145:1, 4, 5
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 2:2, 4, 6
5. Gebed
6. Skriflesing en teks: Psalm 2
7. Preek
8. Sing Psalm 48:2, 3
9. Gebed
10. Kollekte
11. Sing Psalm 68:1, 9
12. Seën

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus,

Kyk ons na ons omstandighede, na die wêreld waarin ons leef, dan lyk dit asof goddeloosheid seëvier. Dit lyk asof die wêreld al vuiler word en die ware gelowiges al minder. Die kerk lyk so klein en gering in hierdie wêreld.

Tog leer die Skrif ons dat die Vader sy Seun Koning gemaak het oor die ganse aarde. Alle mag en heerskappy behoort aan Hom. Hy sit aan die regterhand van die Vader. Hy regeer met 'n ystersepter oor die nasies.

Dit is egter nie iets wat ons van nature sien en weet nie. Kyk ons na die wêreld waarin ons leef, lyk dit eerder asof Christus openlik gelaster word en sy gemeente 'n voorwerp van spot is.

En daarom het ons nodig om opnuut onderrig te word in die Koningskap en heerskappy van Christus in hierdie wêreld. Hierdie psalm maak ons oë weer oop, sodat ons – deur die oë van die geloof – sien dat Christus inderdaad in beheer is, die Almagtige. Onder sy heerskappy het ons niks te vrees nie.

Gemeente, Psalm 2 is baie duidelik 'n profesie aangaande Christus. Dit vertel ons van sy koninklike heerskappy, nou in hierdie wêreld, tot by die wederkoms.

Die psalm is deur Dawid geskryf. Tot 'n sekere mate het die psalm ook op Dawid betrekking, omdat hy ook 'n gesalfde van die Here was. En tog was Dawid en sy koninkryk maar 'n **skadubeeld** van die groot Koning en sy Messiasryk wat sou kom.

Die psalm rig ons oë op Christus, die Koning van sy kerk, wat nou reeds in hierdie lewe oor die ganse aarde regeer. Te midde van sy vyande regeer Hy met 'n yster septer tot verskrikking en vernietiging van al sy vyande; en tot troos en verlossing vir almal wat by Hóm skuil.

Ons sal op drie sake let:

1. **Dat die psalm 'n profesie aangaande Christus is**
2. **Dat Christus regeer**
3. **Die oproep om Hom te dien en vrees**

In die eerste plek let ons nou daarop...

1. Dat die psalm 'n profesie aangaande Christus is

As ons eers kyk na die geskiedenis van Dawid, dan sien ons hoe die eerste drie verse van die psalm ook 'n beskrywing van Dawid en sy koninkryk kon wees. Dawid het baie vyande gehad onder sy eie volk. En ook die heidennasies rondom het teen hom oorlog gevoer.

En omdat hy nie homself koning gemaak het nie, maar deur die Here self as koning gesalf is, daarom was die opstand teen hom in werklikheid opstand teen die Here – teen die Here en teen sy gesalfde: Dawid.

En tog gaan hierdie psalm ver bo Dawid uit.

Koning Dawid en sy ryk was maar 'n swak en armoedige skadubeeld as ons dit vergelyk met die heerlikheid waarvan hierdie psalm praat. Dit is **onmoontlik** om dit wat in hierdie psalm staan tot Dawid te beperk. Die psalm self getuig van iemand oneindig groter as Dawid.

Want hierdie Gesalfde is die Seun van God – vers 7

Hierdie Gesalfde sal oor die hele aarde regeer – vers 8

Hierdie Gesalfde word Jahwe, die HERE, genoem – vers 11.

Almal wat by Hom skuil is welgeluksalig – vers 12.

Maar behalwe die besonder duidelike getuienis van die psalm self, word hierdie psalm ook deur **die apostels** verder verklaar in die NT.

Toe die eerste vervolging teen die gemeente in Jerusalem begin dreig, bid die gemeente tot God en sê: “Here, U is die God wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daarin is, gemaak het, **wat deur die mond van u kneg Dawid gesê het: Waarom het die nasies gewoed en die volke nietige dinge bedink? Die konings van die aarde het saamgestaan en die owerstes het saam vergader teen die Here en teen sy Gesalfde. Want waarlik, Herodus en Pontius Pilatus het saam met heidene en die volke van Israel vergader teen u heilige Kind Jesus wat U gesalf het**, om alles te doen wat u hand en u raad vooruit bepaal het om plaas te vind” – Handeling 4:24-28.

Die eerste gemeente daar in Jerusalem het verstaan dat Psalm 2 ‘n profesie is deur die mond van Dawid, maar dat Dawid nie van homself gespreek het nie. Hulle sien die vervulling in Christus, toe Herodus en Pilatus en die ouderlinge van Israel teen die Here se Gesalfde opgestaan het – U heilige Kind Jesus wat U gesalf het. Waarlik, dit het so gebeur soos U dit in die psalm vooruit verkondig het, en soos u hand en u raad dit vooruit bepaal het.

Christus se kruisiging was die **hoogtepunt** van die nasies se opstand teen die Here en teen sy Gesalfde.

Die gemeente daar in Jerusalem het ook verstaan dat hierdie psalm bedoel is as troos vir God se **kerk** in tye van vervolging. Hulle verstaan dat die heidennasies nou ook die ongelowige Israel insluit. Israel word onder die heidene gereken. Hulle verstaan dat die valse kerk wat nie wil buig onder die heerskappy van Christus nie, in opstand is teen die Here en teen sy Gesalfde; en dat hierdie opstand ook verder gaan as Christus se kruisiging. Hulle beroep hulleself op hierdie psalm in hul eie situasie waar daar nou vervolging dreig teen Christus se gemeente.

Hulle vind hulle troos in hierdie psalm, want hoe die valse kerk ook al, saam met die heidene, woed en planne beraam teen Christus en sy kerk, sal al hulle haat en planne niks kan doen om Christus se heerskappy te stuit nie.

U sien dus hoe die regte verstaan van Psalm 2 tot troos is vir Christus se gemeente in alle eeue, **in die besonder** in tye van vervolging. Want dit was nie maar ‘n stryd wat **Dawid** eenmaal gehad het nie. Dit is die stryd van alle eeue waar die wêreld, waaronder die valse kerk ook gereken word, in opstand is teen God en sy Christus, sy Gesalfde. ‘n Stryd wat steeds woed en tot uiting kom in die vervolging van Christus se gemeente.

Dit is dan ‘n eerste getuienis van hoe die vroeë gemeente daar in Jerusalem reeds hierdie psalm verstaan het.

Maar ook die res van die Nuwe Testament lewer kommentaar op die psalm.

Hebreërs 1 praat van die heerlijkheid van Jesus Christus en bevestig dat Hy die Seun van God is deur uit Psalm 2 aan te haal, waar God die Vader vir Christus sê: “U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer...” – Hebreërs 1:5, wat ‘n aanhaling is uit Psalm 2:7.

Baie duidelik verklaar die apostel dat Psalm 2 oor **dié** Christus handel en dat vers 7 Hom die Seun van God noem.

Ook Hebreërs 5:5 maak dit duidelik dat Psalm 2 van Jesus Christus praat.

En wanneer Jesus Christus ons beloof dat ons saam met Hom sal regeer, sê Hy dat Hy ons mag sal gee oor die nasies om hulle te regeer met ‘n ysterstaf en dat ons hulle soos erdegoed sal

verbrysel, en dat ons hierdie mag sal ontvang **net soos Hy van sy Vader ontvang het** – Openbaring 2:27. So beskryf Christus sy heerskappy oor die nasies, en ons heerskappy saam met Hom, met die woorde van Psalm 2.

Christus self maak dus hierdie psalm van toepassing op **sy** heerskappy.

Hoewel Dawid en sy koninkryk tot 'n sekere mate 'n tipe was, 'n afbeelding, van die Messias en sy ryk wat sou kom, wys die psalm self en ook die getuigenis van die apostels ons, dat die psalm 'n profesie is van Christus en sy heerskappy, as die Seun van God, as Koning oor Sion, sy kerk.

En daarom let ons nou in die tweede plek daarop...

2. Dat Christus regeer

**“Hy wat in die hemel woon, lag; die HERE spot met hulle.
Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, en in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik...”**

Hoe die mens ook al woel en planne beraam en poog om Christus se heerskappy van hulle af te werp, dit is alles nietige pogings. Die Here spot daarmee. Sonder die minste moeite maak hy al hulle planne ongedaan. Hy verpletter hulle met een hou. Hy spreek net en hulle is verskrik.

Ja, God is in die hemel, en hoe die mens ook al op die aarde woel en planne beraam, God regeer.

Soms lyk dit nie vir ons so nie. Is die kerk nie klein en nietig nie? Is die kerk nie voortdurend in gevaar om deur die wêreld vernietig te word nie? Soms word die kerk ook swaar vervolgd en lyk dit asof die wêreld tog die oorhand gekry het.

En juis dan word ons opnuut getroos deur hierdie psalm. Want al staan die Here as't ware 'n tyd lank terug, sodat die goddeloosheid opbruis, is Hy steeds die Almagtige, wat sy vyande in 'n oomblik vernietig.

Oor en oor het Hy dit in die geskiedenis gewys, en telkens weer vir sy volk uitredding geskenk.

En nou gaan die psalm verder en maak aan ons bekend dat die Vader die heerskappy aan sy Seun, Christus, oorgegee het. Hierdie Gesalfde wat deur die wêreld gehaat en verwerp is, is reeds deur die Vader koning gemaak.

**“Ek tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg.
Ek wil vertel van die besluit: Die HERE het aan my gesê:
U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer”.**

As Hy praat van “Sion, my heilige berg”, dan is dit letterlik die berg Sion waar Jerusalem gebou is. Maar dit word deur die profete en veral hier in die psalms gebruik as beeldspraak vir die kerk. Soos wat die kerk ook in die NT die tempel van God genoem word en: die Nuwe Jerusalem.

Christus is deur die Vader gesalf as Koning oor Sion, as Priester-Koning, Die Koning wat sy kerk verlos.

En dan kom Christus self aan die woord: “Ek wil vertel van die besluit...” Christus verkondig deur die mond van Dawid van die Vader se besluit: Die Vader het vir sy Gesalfde, vir Christus, gesê: “U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer”.

Die woord **genereer** beteken gewoonlik “verwek”. Maar in die lig van die res van die Skrif moet ons dit so verstaan dat hier gepraat word van Christus se verwekking of **opwekking** uit die dood, dat die Vader sy Seun uit die dood **opgewek** het om Koning van sy kerk te wees. Hy het sy Seun uit die diepste vernedering verhoog en as Koning gesalf.

Dit word vir ons bevestig wanneer ons sien hoe die apostel Paulus hierdie vers uitlê in Handeling 13. Die apostel Paulus praat met die Jode en sê: "...ons bring julle die goeie tyding van die belofte wat aan die vaders gedoen is, dat God dit aan ons, hulle kinders vervul het deur Jesus op te wek, soos daar ook in die tweede psalm geskrywe is: U is my Seun, vandag het Ek U **gegenereer**". En dan gaan die apostel verder om nog meer Skrifgetuigenis aan te haal oor Christus se opwekking uit die dood – Handeling 13:32-37.

Die eerste Skrifgedeelte wat die apostel daar aanhaal om te bewys dat God sy Seun, Jesus Christus uit die dood opgewek het, is Psalm 2:7.

Waar die Vader sê: "U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer", moet ons dit dus so verstaan dat Hy Christus as Koning oor sy kerk **verwek** het, deur Hom uit die dood op te wek.

Hy is opgewek om Koning te wees oor sy kerk. Hy het gaan sit aan die regterhand van sy Vader.

En van hierdie koningskap praat verse 8 en 9: "Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eides van die aarde as u besitting. U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot".

Reeds in die Ou Testament is dit duidelik dat die komende Messias, die Christus, nie net Koning van die Jode sal wees nie, maar Koning van die ganse aarde oor alle nasies en volke.

Maar u sal merk dat die beskrywing van Christus se heerskappy hier baie streng en skrikwekkend beskryf word.

Sy heerskappy word gewoonlik beskryf met vrede, geregtigheid en liefderyke versorging. "Hy sal sy kudde laat wei soos 'n herder; Hy sal die lammers in sy arm vergader en aan sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei".

Maar hier gaan dit oor sy heerskappy te midde van vyande. En juis dan vertroos sy stok en staf ons wanneer hy sy stok gebruik soos 'n ystersepter om sy en ons vyande te verpletter. Sy oordele vertroos sy kerk.

Hier het ons 'n lied wat die kerk sing onder swaar beproewing. Wanneer daar vervolging opvlam, dan sing die kerk weer hierdie lied met nuwe oorgawe. Want Christus **is** opgewek en **Hy** sit aan die regterhand van die Vader, totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het. Hy regeer met 'n ystersepter te midde van sy vyande.

Dit is nie 'n heerskappy daar ver in die toekoms nie. Dit is nie een of ander duisendjarige ryk wat voor of na die wederkoms gaan kom nie. Nee, dit is **nou** dat Christus met 'n ysterstaf regeer. Hy regeer in hierdie wêreld **te midde** van sy vyande, totdat Hy hulle finaal sal vernietig by sy wederkoms.

Die ysterstaf is nie vir sy kinders bedoel nie, maar vir sy vyande en vir die vyande van sy kerk. Die ysterstaf is bedoel as troos vir sy kerk. Want hierdie psalm beskryf hoe die nasies en volke woel en hoe die konings en vorste saam opstaan en raad hou teen die Here en teen sy Gesalfde. En: teen sy kerk, want nou dat Christus opgevaar het na die hemel en hulle Hom daar nie kan bykom nie, word hulle woede teen sy kerk gerig, soos die vroeë kerk reeds kort na Pinksterdag ervaar het.

Te midde van al die teenstand word Christus se heerskappy nogtans uitgebrei oor die hele aarde. Ook die nasies tot aan die einde van die aarde word sy besitting.

Christus se heerskappy is nie beperk tot die kerk nie. Hy is Koning oor die hele aarde. Elke knie sal buig en elke tong bely dat Jesus Christus die Here is – nie net in die kerk nie, maar elke knie van die wat in die hemel is en die wat op die aarde is en die wat onder die aarde is – Filippense 2:10.

Terwyl dit nou vir elkeen wat in Christus glo 'n vreugdevolle belydenis is, sal dit op die oordeelsdag ook die goddelose se belydenis wees – 'n pynlike belydenis wanneer dit te laat is en sy ysterstaf hulle vir ewig sal verpletter.

En daarom luister ons in die derde plek na die oproep...

3. Dien Christus met vrees

**“Wees dan nou verstandig, o konings;
laat julle waarsku, o regters van die aarde!
Dien die Here met vrees, en juig met bewing”**

Die konings en die regters van die aarde verwys na die owerhede wat in die eerste verse van die psalm beskryf is. Die goddelose wat opstaan teen die Here en teen sy Gesalfde. Hulle word nou tot bekering geroep, om Christus as die Seun van God te erkenen te buig onder sy heerskappy, voordat dit te laat is.

As hy die konings en die regters aanspreek en beveel om hulleself onder Christus te verneder, dan geld dit nog soveel te meer vir al die ander mense wat nie so hoog geplaas is nie. Dit is 'n oproep aan alle mense om hulle onder Christus se heerskappy te stel.

En hoewel dit hier in die eerste plek aan die opstandiges gerig word, is die oproep om Christus te dien en te vrees, 'n oproep wat juis deur sy gemeente gehoorsaam word.

Ons het reeds gesien hoe die vroeë gemeente daar in Jesrusalem ook Israel onder die heidene reken, wanneer hulle ook Israel reken onder die opstandige nasies en volke van Psalm 2. Israel het Christus verwerp en so deel geword van die opstandige nasies. Die ouderlinge van die verbondsvolk het self die opsweping gedoen om Christus te kruisig. En soos die waarskuwing toe gegeld het vir die owerstes van die verbondsvolk en vir al Abraham se kinders, so geld die waarskuwing ook vandag nog vir God se verbondsvolk, die gemeente. Die psalm self is immers ook 'n lied wat deur die verbondsvolk gesing word.

Alle mense, binne of buite die verbond, word opgeroep om Christus te dien met vrees en te juig met bewing. Met vrees, want Jesus Christus is die Almagtige, die Seun van die lewende God. Hy moet aanbid en gevrees word.

En juig met bewing. Juig, want die Seun van God is uit die dood opgewek om Koning te wees oor Sion, sy kerk. Maar juig met bewing. Laat jou jubels gekenmerk word deur 'n heilige vrees vir sy Naam.

Dit is die verstand en die ware wysheid, om Hóm te vrees.

**“Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie;
want gou kan sy toorn ontvlam”.**

Hier word Christus weer die Seun genoem. Dit verwys terug na vers 7, waar die Vader aan Christus sê: “U is my Seun...”.

Al die heerskappy is aan Hom oorgegee, Hy is die Regter wat sal oordeel.

En daarom: Eer die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam.

Die Vader leer ons dat Hy net geëer word, as ons sy Seun eer. Soos die apostel Johannes ons ook leer: “...Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie” – Johannes 5:23.

Elkeen wat teen Christus se heerskappy opstaan of hom nie gewillig aan Christus onderwerp nie, sal spoedig vernietig word. Dit is 'n oproep en terselfertyd 'n dreiging teen almal wat Christus verwerp.

Maar dan sluit die psalm met troos vir elkeen wat by Christus skuil.

“Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil”.

By Christus is daar vergewing van al ons sonde, verlossing van die toorn van God en van die Lam.

Wie by Hom skuil vir die toorn van God, ontvang die ware lewe en geluk in gemeenskap met God.

Ons sien dus dat daar aan die een kant die toorn van mense is, mense wat nie wil buig onder die juk van Christus nie, wat ook in die tyd waarin ons nou leef die gemeente van Christus vervolg. Hulle haat en hulle planne hoef ons nie te vrees nie. Al sou ons ook nou 'n tyd lank daaronder moet ly, kan dit niks uitrig teen Christus en sy heerskappy nie.

Aan die ander kant is daar die toorn van God, wat inderdaad skrikwekkend is. 'n Toorn waarvoor ons nie kan vlug nie, behalwe as ons by sy Seun, Jesus Christus, skuil.

Gemeente, hoewel Christus se heerskappy in hierdie psalm so streng aan ons voorgehou word, sien ons dat dit in werklikheid tot ons troos bedoel is. Sy oordele is ons verlossing. Wanneer Hy sy vyande verskrik, word ons van ons vervolgers bevry.

Laat ons dan in hierdie lewe geen haat of vervolging van Christus se vyande vrees nie, want met 'n ystersepter regeer Hy te midde van sy vyande totdat Hy hulle by sy wederkoms finaal sal verpletter.

Die Vader het Hom uit die dood opgewek en Hom Here en Christus gemaak, hierdie Jesus wat ons gekruisig het. En daarom die oproep tot bekering, om te buig onder sy gesag, om Hom te dien en te eer.

Gemeente, vir hierdie doel het Hy ons, wat heidene was, verlos; dat ons sy eiendom sal wees, ywerig in goeie werke. Dat ons Hom sal dien en vrees.

Laat ons, terwyl ons nou in hierdie wêreld 'n klein en weerlose kuddetjie is, ons vertrou in Christus stel. Hy sal opstaan tot die stryd. Hy sal sy haters, ver en wyd, laat wegvlug voor sy oë. Hoe hoog die mens se trots mag gaan, hy sal geen oomblik kan bestaan voor God se alvermoë.

Laat ons juig oor ons Koning. Welgeluksalig is almal wat by Hóm skuil.

Amen.